Welkom! ‘n Woord wat al die kinders nou sommer baie gaan hoor.

Welkom terug by die skool!

Self winkels is baie gretig om kliënte terug te verwelkom.

Het jy geweet die woord welkom beteken: om vriendelik te groet of om graag na uit te sien of om graag te ontvang.

Miskien het jy al ‘n groot welkom banier gesien of ‘n filmster wat verwelkom word op ‘n rooi tapyt! So ‘n persoon voel baie spesiaal!

Wanneer ons ander mense verwelkom dan kommunikeer ons aan die persoon dat hulle vir ons spesiaal is en ons is baie bly om die persoon te sien of selfs saam met die persoon te wees.

Soms kan die woord “Welkom” 'n bietjie misleidend wees. Ons sê miskien 'Welkom', maar ontvang slegs mense en goedere onder sekere voorwaardes. Bv: jy is welkom om in die winkel te gaan, maar net as jy 'n masker dra en jy nie siek was nie. Die deurmat sê dalk "welkom", maar nie as jy sleg ruik of bedel nie. Dit is ‘n misleidende boodskap, wat jou glad nie spesiaal of geliefd laat voel nie! Het jy al so by die skool gevoel? Jy is dalk net welkom in ‘n groep as jy iets moet doen of gee. Dit is aaklig!

Lees gou in Matteus 10:40 – 42 wat sê Jesus self hieroor!

Jesus praat hier met die dissipels en Hy stuur die dissipels uit as gesante of ambassadeurs.

Die dissipels word nou **koninkryk-ambassadeurs**, want God is die Koning en die dissipels is Koningskinders. Hulle is deel van God se Koninkryk al is hulle nog op aarde. Al God se beloftes en seëninge is reeds vir hulle beskikbaar omdat hulle God se kinders is deur Jesus.

‘n Ambassadeur is die wettige verteenwoordiger van ‘n land. Ander lande behandel ambassadeurs of gesante met respek **asof dit daardie land se koning self is wat hulle besoek.** In die Joodse tradisie is dit *shaliah* genoem.

In die tyd van Jesus was jou identiteit verbind aan jou familie en jou gemeenskap. Daarom was dit algemeen aanvaar dat wanneer jy gasvry is teenoor iemand, jy nie net gasvry is teenoor daardie persoon nie, maar eintlik ook teenoor die gemeenskap wat daardie persoon gestuur het. Daarom, wanneer jy ‘n ambassadeur van Jesus in jou huis verwelkom, verwelkom jy eintlik die teenwoordigheid van Jesus self én die Een wat Hom gestuur het. **WOW!!!**

VS

Laat die kindertjies na My toe kom en moet hulle nie keer nie.

Jy is net welkom as:

- jy ‘n masker dra
- jy gesond is
- jy genoeg geld gee
- jy mooi en slim is
- jy sport kan doen
- jy lyk en doen soos ons
- jy oud genoeg is

Hemelse Vader
Dankie dat u ons in u gesin verwelkom.
Ons weet dat u alle mense waardeer en oppas.
Help ons om ander te verwelkom en om u liefde aan ander te demonstreer
Dankie vir jou liefde
Ons het U lief!
In Jesus naam, Amen!

Jy is welkom

- omdat Ek vir jou lief is
- omdat jy My liefhet.
- omdat jy My kind is.
- omdat Ek jou sonde skoon gewas het
- omdat Ek jou naam in My handpalms geskryf het
- omdat jy vir My kosbaar is.
- al is jy vuil en stukkend

Jesus Sends Out the Disciples Superbook: https://www.youtube.com/watch?v=EPLp1bFoEhs&t=1s
Children come unto Me: https://www.youtube.com/watch?v=P9nUOCJ8rcU
Treasure: https://www.youtube.com/watch?v=FLbN9IOLQQg
What is a successful life: https://www.youtube.com/watch?time_continue=9&v=V75o032H8o0&feature=emb_logo

"Popping up" with the love of Jesus

Spring springmielies terwyl julle luister na Nadine Blom se liedjie Popcorn: https://www.youtube.com/watch?v=6OO3FNUYJF4

Het jy al mooi gekyk na 'n springmielie pit? Dit is klein, hard, onverteerbaar en lyk waardeloos. Plaas dit in 'n pot op die vuur en dit sal voor jou oë van gedaandte verwissel. So is kinders van Jesus. Sonder Jesus se warm liefde is ons hard klein en waardeloos. Met Jesus se welkome liefde **POP ons.**

Nooi jou familie uit om saam met jou na jou gunsteling Jesus fliek te kyk.

Onthou:

Jy is 'n koninkryk- ambassadeur wat die Goeie nuus van Jesus vir die wêreld gaan vertel. Jy verteenwoordig jou KONING. 'n Goeie ambassadeur ken die KONING. Bid en lees jou Bybel elke dag sodat jy die KONING se woorde presies so kan oor vertel. Nie jou eie nie!

Onthou:

Om ander Koninkryk-ambassadeurs te verwelkom. Hulle lyk dalk nie soos jy nie, maar dit maak hulle nie minder Koninkryk- ambassadeurs nie. Wees gasvry en doen goed aan hulle. Dit is wat Jesus graag wil hê.

Loop op die Rooi Tapyt

Jy sal nodig hê:

- Papierhanddoek-buise
- Konstruksiepapier of materiaal of 'n paar A4 papiere (rooi, verkieslik)
- Gom of kleetlint, • Skêr
- Ekstra versierings (plakkers, ens.)
- Gunsteling Bybelversie
- koki's of kryte*

Indien jy nie materiaal of 'n lang strook papier het nie plak die A4 papiere aanmekaar.
*Versier die papier "rooi tapyt" met welkom en positiewe woorde soos hieronder.
*Voeg ekstra versierings by soos benodig, soos plakkers of glitter.
*Skryf onderaan jou gunsteling Bybelversie
*Plak die 2 handdoekpapier-buise aan die punte van die strook.
*Lewer af by iemand spesiaal of nooi iemand om daaroor te loop.



Jy is welkom. Jy is 'n

in Jesus se oë. Jy is kosbaar

Bybelversie

.....

.....